

die skeiding van Godswêë sal plaasvind. Daarom mag die goeies hulle nie terwille van die slegtes afskei van die kerk en van die sakramentsgemeenskap⁵⁵⁾ om 'n altaar teenoor die kerk van Christus⁵⁶⁾ op te rig en hulle so self aan die duiwel oor te gee nie.⁵⁷⁾

Samevattend kan dus gesê word dat Augustinus op een lyn staan met Cyprianus. Die heil en die verlossing is nou verbonde aan die realiteit van die kerk en die eenheid van die kerk. Buite die kerk is die heil nie te verkry nie. Vir „privaat” godsdiens is daar geen plek in sy gedagte nie, want selfs die diens van God is heilsaam en vroom slegs binne die kerk. Ook hier weer is alles per slot gebonde aan die kultus en sakramente wat alleen in die een kerk enige waarde het; alleen binne die eenheid waar die band van liefde en Gods Gees werk, is die sakramente sowel as die hele godsdiens nuttig; hier alleen kan dit as 't ware voorspel wees tot die uiteindelijke hemelse heerlikheid.

Ook hier dus kan gekonkludeer word dat die saligheid by Augustinus asook die verlossing by Augustinus te ervaar is deur die geloof in die kerk as sakramentele realiteit. Wil mens dit 'n heilsinstituut noem, goed, maar dan is dit by Augustinus geen starre instituut nie, wel heilsorganisme waardeur die warmte van geloof, liefde en hoop, die warmte van lewende vroomheid die geheel verlewendig.

J. A. STOOP.

HOE WORD ONS WEER 'N BIDDENDE GEMEENTE?*

1. *Die sinsbetieteling.*

Die vraag, so lyk my, is nie gestel met die doel om allerlei spekulatiewe lering te gee hoe om weer tot gebed te kom nie. Dis eerder 'n noodkreet van ons tyd. Die referaat is nie soseer 'n wetenskaplike lesing oor die gebed op sigself as 'n aarselende poging tot 'n „Ruf zum Gebet” soos DR. OTTO DIBELIUS, Voorsitter van die Raad van die Evangeliese Kerk in Duitsland in 1947 gedoen het.

2. *Waarom is gebed noodsaaklik?*

Het dit sin in die moderne tyd?

By die beantwoording van die twee vrae mag ons die ou Leerboek van die Hervormde Kerk, nl. Die Heidelbergse Kategismus nie uit die oog verloor nie en veral nie die Vrae en Antwoorde 116 en 117 nie.

⁵⁵⁾ *c. Cresc.* II, 44; CSEL 52, p. 405; *c. litt. Petil.* II, 46; CSEL 52, p. 47.

⁵⁶⁾ *ep. ad cath.* 55; CSEL 52, p. 303.

⁵⁷⁾ *c. Cresc.* III, 84; CSEL 52, p. 489.

* Lesing gehou op die Predikantevergadering te Pretoria, September 1954.

Immers, voordat ons weer 'n biddende gemeente word, moet ons eers die drie stukke ken van die tweede Vraag en Antwoord.

As in Vraag 117 gevra word: „Was gehöret zu einem solchen Gebet das Gott gefalle, vnd von jm erhöret werde?“ dan volg in die tweede afdeling van die Antwoord: „dasz wir vnserere noth vnnd elend recht gründtlich erkennen, unsz für dem angesicht seiner Maiestet zu demütigen.“¹⁾ Ons konkludeer vervolgens dat die moderne tyd geteken is deur nood; dat die nood aangevoel word en daar vir die Christen niks noodsaakliker oorbly as die gebed nie.

Tien dae voor sy dood skryf LUTHER uit Eisleben, waar hy sy laaste opdrag uitgevoer het, 'n brief aan sy vrou. Die brief begin sonder aanhef somar onmiddellik: „Betet, betet, betet.“²⁾ Is dit nie die enigste wesentlike wat ons nog in hierdie dae kan skryf of bepleit nie: „Betet, betet, betet.“ Daar is waarlik nood.

Ons lewe in 'n apokaliptiese tyd. Dit is 'n tyd waarin daar iets van die einde van alle dinge openbaar word. Nie so dat die gordyn wat tot hiertoe die toekoms vir ons verberg het, rustig en vreedsaam weggeskuif word nie, maar so dat demoniese magte uitwoed en die wêreld laat sidder. „Die ganze Erde steht im Zeichen apokalyptischer Geschehnisse, nicht nur Deutschland.“³⁾

Groot geeste in Europa is van mening dat die tweede wêreldoorlog slegs die begin is van verdere gevolgryke gebeurtenisse. Ons weet egter nie van welke aard die gebeurtenisse sal wees nie. Menslike bemoeiinge is ook onmagtig om die toekoms te verander. Die eerlike ywer van hulle wat hul bes doen om sake te verbeter, wil ons nie as oorbodig beskou nie. Dit is egter seker dat die toekoms daardeur nie verander sal word nie. Die vraag van belang is dit: Sal ons here of slawe van ons lot wees; sal ons ons bestemming blymoedig of wanhopig ondergaan? Dit kom dus vir die mensdom daarop aan dat hy moet bid.

Sedert die laaste oorlog is dit duidelik dat die mensheid begin het om teen sy grense aan te stoot. Dis nie meer so dat die gebeure van die wêreldgeskiedenis elke keer net 'n deel van die aarde of sekere kultuurkringe in beroering bring nie. Agter die wat in beroering gebring is, was daar nie meer ander bekende of onbekende volkere of kontinente nie. Die laaste oorlog het die hele wêreld omspan. Ook in die vrede tyd gaan dit om die mensheid as geheel. Bedrywe, ekonomie, politiek, wetenskap, tydskrif- en radio-verslag — dit het nie

1) DR. J. N. BAKHUIZEN VAN DEN BRINK: *De Nederlandsche Belydenis Geschriften*, Amsterdam, 1940.

2) DR. W. J. KOOLMAN: *Maarten Luther, doctor der Heilige Schrift, Reformator der Kerk*, bl. 167. Amsterdam, 1948.

3) DR. OTTO DIBELIUS: *Ruf Zum Gebet*. Neu herausgegeben, Hamburg, 1953.

betrekking net met een land maar met die hele wêreld. Daar is ook nie meer onbekende wêreldstreke vanwaar ons allerlei verrassings kan verwag niee. OSWALD SPENGLER het die geskiedenis van die mensheid gesien as eindelose opeenvolginge van kultuurkringe. Nou is dit die „Untergang des Abendlandes” en die Nuwe kom uit die Ooste op. As die Ooste sy einde bereik, is daar weer 'n ander een en so gaan dit immer voort. Die denkers van betekenis meen dat die teorie verouderd is. Daar is geen onbekende jong volkere meer wat aan ons nuwe, nie-vermoede kulture kan skenk nie. Ons ken al die volkere van die aarde. Ons kan min-of-meer bereken tot welke ontplooiinge hulle instaat sal wees. Ons sien terselfdertyd hoe al die volkere saamgesmee, gelyk geskakel en genivelleer is deur die masjien en die tegniese ontwikkeling wat ons tyd stempel en aan alle volkere die lewenswet voorskryf.

Weliswaar skuil daar op tegniese gebied nog groot moontlikhede. Ons kan nog wonderlike dinge verwag. Maar in al die tegniese en beskawingsvooruitgang is die eintlike doel van die mense-lewe nie te vinde nie. Dit is maar net: „Begleitmusik des Lebens, nicht das Leben selber.”⁴⁾ Dit waarop dit vir God en mens aankom, kan maar net dit wees wat die mens tot mens maak. Dit kan nie in die ryk van die tegniek lê nie maar net op die terrein van die siel. En hier is dit juis waar ons teen die grense aanstoot.

Glo u vandag nog aan toekomsbeelde wat mense geskilder het toe hulle nog met onbegrensde moontlikhede rekening gehou het? Dink u dat die toekoms vir ons Godsdienstigters onvermoede waarhede oor God en mens sal oplewer? Is daar nog iemand wat glo dat uit onbekende dieptes van volkere-siele nuwe morale tevoorskyn sal kom? Wie glo nog aan die ontwikkeling van die „Übermenschen”, aan 'n wêreldvrede vol geregtigheid en liefde? Glo iemand nog dit sal geluk om die reg sy verlore heiligheid weer terug te gee en uit sy heillose posisie as slavin van die teenswoordige magshebbers te bevry?

Natuurlik, aan pogings om die grense van die mensheid 'n weinig te verskuif, sal dit nie ontbreek nie. Ons tref dit aan in die kuns, die filosofie en die politiek. Krampagtige en verbete pogings om 'n nuwe begin te maak, nieteenstaande die noodlot, met nuwe gode, nuwe sedelikheid, nuwe reg en nuwe lewensstyl . . . dit vind ons oral. Dit lewe van NEE teenoor die OUE. Egtheid en krag het hulle egter nie. Daarom het hulle geen duur nie. As die wind daaroor gaan, dan is hulle nie meer nie. Dit sal in die toekoms nie anders wees nie want ons het teen die grense aangestoot.

Omdat dit die geval is, begin die mensdom teen sigself te woed. Groot volkere is koersagtig besig om nuwe middele ter vernietiging te

⁴⁾ DR. OTTO DIBELIUS: *Ruf Zum Gebet*, bl. 7.

besin. Dit word steeds meer afskuwekkende middele. Vyftien jaar gelede het elke nuwe wapen spoedig 'n afweerwapen tevoorskyn geroep. So het die oorloë, in sy geheel geneem, nie eintlik vreeswekkender geword nie. Nou is dit anders. Teen die nuutste vernietigingsmiddel is daar geen beskutting, geen afweer. Elke denkende besef dat waar daar slegs met gelyke munt betaal sal word, die ganse wêreld tenslotte 'n puinhoop sal wees. Elke besluit en beslissing is swanger aan nuwe onheile. Is dit nog die moeite werd om iets groots, iets duursaams totstand te bring? Oral op die agtergrond wag die atoombom, die waterstofbom!

Juis as die mensheid teen sy grense aanstoot, kom dit aan die lig hoe groot die sonde en ellende is wat in die mens huisves. Tot dusver het hy dit nie geweet nie, tenminste nie uit eie ervaring nie. Godsopenbaring kon hulle dit wel geleer het maar dit wou hulle nie doen nie. Nou moes hulle dit uit eie ervaring leer.

„Bisher hatte mán nur den Menschen mit metaphysischen Bindungen gekannt, also den Menschen mit Gott oder mit einem Götzen.“⁵⁾ Die mense het gevoel dat hulle deur 'n Hoër Mag gesien en beoordeel word. Hulle het dit nie gewaag om so te wees soos hulle in werklikheid is nie. Hulle het hulself onder tug gehou en as hulle dit nie gedoen het nie, het hulle gewetenskaplik gehad. Wel was daar altyd enkelinge — dikwels selfs BAIE enkelinge — wat hulle aan geen mag in die hemel of op die aarde gesteur het nie. Maar in die algemeen het die mense hulle tog verplig geweet teenoor 'n Hoër Wese en sig daarvolgens gedra. Nou het dit anders geword. Die mense voel hulself nie meer gebonde nie — in elk geval nie meer deur 'n bowe-aardse mag nie. Miskien het die reuse natuurwetenskaplike vordering die mens i.p.v. KLEIN deur bewondering, juis VERWAAND maak. In elk geval, hulle wil hulle nie meer „verhalten” nie. Hulle wil eenvoudig wees soos hulle is. In Europa het die duidelike simptome van die nuwe gesteldheid aan die lig getree. In die totalitêre staat het plotseling die mens sy verskyning gemaak. Hy kon in die konsentrasiekamp met sy arrestante maak wat hy wou en teenoor niemand hoef daar rekenskap gegee te word nie. Die mens kon werklik wees wat hy is.

Hulle wou eers die tipiese mens sonder metafisiese binding daartoe opvoed. In 'n skool wou hulle dit doen. Daar sou niemand vir ryp verklaar word, voordat hy nie eers 'n willekeurige lid van die opposisie, groep of ras doodgeskiet het nie. Maar, die afrigting was nie eers nodig nie. As die Hoëre binding net breek, sodat hy met 'n rustige gewete sy natuur die vrye loop kan gee, en as mens hom net tot onbepaalde heer oor ander mense maak, is die afrigting onnodig.

⁵⁾ DR. OTTO DIBELIUS: *Ruf Zum Gebet*, bl.9.

Want waar 'n mens onbepaalde mag oor ander mense het, blyk dit goue en wat jy in werklikheid is. Twee, drie jaar was genoeg om mense te laat vergeet wat hulle in hul jeug van God en Sy geboorte geleer het. Die deur van die vergassingskamer word agter skreeuende vroue toegedruk. Dan word net gewag om die lyke uit te haal voordat hulle weer met siele-rus in hul kaserne eet en drink asof niks buitengewoons gebeur het, net soos die soldate wat aan die voet van die kruis dubbelend Jesus se kleed verdeel. Dit is die mens sonder God! Dis die mens wat nie meer die ewebeeld van God is nie, maar die mens na die sondeval soos die Bybel dit teken — d.w.s. die mens wat in ons almal skuil. Dis die mens in die greep van die DUIWEL. Dis nie die mens wat teen sy natuur in tot 'n dier verval het nie en met wie ons niks meer gemeenskaplik het nie. In twee of drie jaar versink 'n mens nie weg in 'n ander natuurryk nie. Nee, dis net die mens soos hy is, en soos hy onmiddellik tevoorskyn kom as die omhulsels wegval. En hulle val orals. Hier gebeur dit vinniger — daar langamer. Die groot sekulariseringsproses is nie te sluit nie. Die heiligdomme stort neer. Die bindinge verdwyn. Klagtes daarvoor gaan deur alle volkere. Die mens toon sy ware gesig. En hy sal dit meer-en-meer onbedek wys.

Wat die toestand so wanhopig ernstig maak, is dat die dinge tevoorskyn tree in dieselfde periode as toe die mensheid teen sy grense aangestoot het. Vroeër het die mense, as dit donker word in die hede, weggevlug in die hoop op die komende. Daar was dan die hoop op die beter nuwere. Nou is die klep gesluit. Die mense moet voortaan met dit besig wees wat in die VERLEDE aan hulle geskenk is. Hulle moet ou waarhede weer opnuut ontdek, ou heiligdomme opnuut weer oprig, ou dwalinge opnuut weer oorwin, ou doeleindes weer opnuut raaksien en sig bevry van die waan-denkebeeld van 'n voortdurende vooruitgang. Hulle moet begryp dat die wesenlike in die lewe van die mense iets is wat ewig onveranderlik is. Dit is die geval in die goeie sowel as in die bose.

Maar daartoe is die mens van vandag nog nie bereid nie. Hy wil nog steeds iets nuuts, iets ongehoords, iets bevrydends. En hy wil dit met eie krag. Omdat die klep na buite geslote is, keer die kragte sig na binne. Die een vryf sig dan teen die ander een aan; vryf sig tot verwonding; vryf sig tot die dood. En hoe meer die mense sig teen mekaar aanvryf, des te meer verdwyn die bindinge aan die „Überweltliche“. Dit bly ook nie by wandade van mens tot mens nie. Die einde is die volledige barbarisme. Dis 'n barbarisme met yskaste en televisie en vuurpylvliegtuie maar tog 'n barbarisme. Dáár mond die wêreldsgeskiedenis uit. Die huidige geslag beleef die begin van hierdie laaste stadium of hy wil of nie. Die Switser HERMANN HESSE beweer in sy Nuwejaarsnagrede 1946 dat ons geslag 'n afsku gekry het vir

alle „Weltgeschichte und sehne sich nach einer jener kurzen, stillen, wohltemperierten Epochen, die, wie es schein durch den Jammer und die Blut- und Tränenströme der Weltgeschichte erkaufte werden müssten.“ Andere het reeds voor hom iets dergelyks gesê. HEBBEL skryf in sy Dagboek dat die „Weltgeschichte“ vir hom soms voorkom soos „der Traum eines Raubtiers.“ Hy wens om iets anders te belewe. En wie wens dit nie?

Tog sal die gang van sake nie deur sulke wense verander word nie. Ons sal nog verder „Weltgeschichte“ belewe en ook ons kinders en kleinkinders. Nie „wohltemperierte Epochen“ sal dit wees nie maar „Weltgeschichte“ wat steeds dieper in die barbarisme van die naakte mensdom sal heenvoer! Tensy hierdie ganse vloekbelaaide samehang nog in die laaste uur uit die klemme gered word. „Weltgeschichte“ barbarisme sal dit wees tensy uit die groot neergang 'n afsprong moontlik word waardeur die mens op 'n rots gered word en sig miskien kan omdraai en selfs na Bo kan styg.

Net God kan uit die klemme verhef. Die rots waarop mense gered kan word, kan net buite alle geskiedenis en buite hierdie aardse werklikheid lê. Dit kan niks anders wees as Gods Openbaring nie. Die sprong op die rots is die GEBED.

Die erkenning van die reuse-nood sal die eerste stap wees om weer te bid. Dit maak die noodsaaklikheid tot die oproep tot gebed so groot. Daarom, in 'n apokaliptiese tyd, wat alle menslike met sy verderf bedreig, weerklink die wekroep van LUTHER: „Betet, betet, betet.“

3. *Die oproep tot gebed gaan na almal.*

Die oproep gaan ook na dié wat nie aan God glo nie. Daar is waarskynlik nie soveel as wat ons dink nie.

Die tyd is verby toe dit mode was om met skerpe logika sigself en andere te bewys dat daar geen God kan wees nie. Alles wat gebeur, vind plaas in 'n aaneensluitende ketting van oorsaak en gevolg. Daar is nie plek vir bo-aardse kragte nie. Dus is daar geen God nie. Hierby is later net gevoeg dat die wêreld so sleg ingerig is, so vol sinloosheid en gruwelikheid is — as dit 'n God is wat dit so ingerig het, moet Hy of dwaas of verskriklik wees. Omdat daar nie so 'n God kan wees nie, is daar geen God nie. Dit was die bewysvoering. Die een dra dit met triomfantelike gelaatstrekke voor, omdat mens geen God wil hê nie; die ander dink daaroor met smart, omdat hulle graag by die geloof van die kinderjare wil bly maar magteloos staan teenoor die verstandgronde.

Vandag hoor 'n mens slegs nog die laaste argument. Die eerste hoor 'n mens selde omdat die jeug nie meer reg weet wat om aan te vang met die verstandelike wyse van denke nie. Die jeug voel dat die

groot vrae van die lewe onmoontlik deur die verstand alleen beantwoord kan word. Nee, ook die wil, die gevoel, die handeling — trouens ook die gebed van die mense het daarmee 'n woord te spreek. Die vraag na die WAARHEID, soos die filosowe dit uitdruk, het vir die jeug 'n eksistensiële aangeleentheid geword. Daarom is hulle nie meer so geïnteresseerd in die suiwer verstandelike deduksie nie. Die natuurwetenskap van vandag wys ook in 'n gans ander rigting. Dus — oor die argument teen gebed en geloof, hoef ons nie meer veel te sê nie. Dié denkwysse het sy tyd gehad. Die wat hul nog deur verstandsbesware belemmerd gevoel tot geloof, ook tot gebed, . . . die moet hul verstand tot groter beskeidenheid vermaan. Verstand mag hier nie alleen oordeel en beslis nie.

Baie ernstige mense van alle tye het nie die gebed versaak toe hul geloof in God aan die wankel gebring is nie. Toe het die gebed hul weer tot geloof gebring. Dit is geensins so dat 'n mens eers aan God moet glo om te kan bid nie. 'n MENS MOET BID OM TE KAN GLO. Dit is nie logies nie, maar dit is so. Dit is die eksistensiële in hierdie aangeleentheid, soos die geleerdes dit vandag stel.

Wat die tweede argument betref, geld dit ook dat dit 'n bepaalde wyse van denke was wat vroeër nie daar was en later weer sal verdwyn. By die ontstaan van die Heidelbergse Kategismus het die mense bely dat „fruchtbare vnd vnfruchtbare jar, essen vnd trincken, gesundheyt vnd kranckheit, reichthumb vnd armut, vnd alles, nicht one gefähr, sonder von seiner vaterlichen hand vns zukomme.”⁹⁾ Daar was in die verlede ook sware onbegryplike toestande en gebeurtenisse. Toe het die mense gesing: „Was Gott tut, das ist wohlgetan”. As die mense dit vandag nie meer doen nie lê die verandering nie by die wêreld nie maar by die mense, die mense wat hul steeds meer van God losgemaak het.

Al die bedenkinge dat mens aan God nie glo en daarom nie kan bid nie, weeg nie swaar nie. Die eintlike verhinderende lê daarin dat die meeste mense God nie ernstig neem nie. Dat God met die praktiese lewe te doen sou hê, dat mens aan Hom rekenskap verskuldig sou wees, dat mens verbinding met Hom moet hê — daarvan wil hulle nie weet nie.

'n Mens sou dink dat die twee wêreldoorloë die mense tot besinning moes bring om God ernstig te neem en te bid. Tog het dit nie gebeur nie. Hulle het daaronder gesidder; hulle was ontsteld dat soiets moontlik was; hulle het gejammer oor hul nood. Maar dat dit Gods gerig was, dit het nie by hulle deurgedring nie. As 'n mens dit aan hulle sou sê, dan verstaan hulle dit nie. Hoe kan hulle ook? „Welt-

⁹⁾ DR. J. N. BAKHUIZEN VAN DEN BRINK: *De Nederlandsche Belydenis Geschriften*, bl. 160.

geschichte" kan net vanuit die Woord van God verstaan word. Wie Gods Woord nie ken nie, kan dit net ONDERGAAN maar nie VERSTAAN nie. Wanneer die mens God hardnekkiglik nie verstaan nie, is dit egter nie onvermoë maar skuld. Hierdie skuld dryf voortdurend tot dieper vervreemding van God tot uiteindelik alle hoop op ommekeer verdwyn. Verharding (verstokking) noem die Bybel dit (*hê kardia peporomené*) Mark. 6:52.

Jes. 6 is een van die vreeslikste hoofstukke. Is dit miskien weer vandag soos in Jes. 6? Selfs dan verander dit niks aan ons verpligting om aan diegenes te verkondig wat redding sal bring: „Betet, betet, betet". Daarom roep ons die wat God nie ernstig neem, op tot gebed.

4. *Moet ons in woorde bid en desnoods met gevoue hande en op die knieë?*

Moet ons in goedgestelde woorde aan God meedeel wat ons hart beweeg? Weet Hy dit dan nie veel beter as onself nie? God regeer die wêreld in swyende Majesteit. Moet ons dan nie liever swyend voor Hom staan nie? Moet ons nie liever ons eie lewe inrig volgens Gods gebooe en in troue arbeid meehelp tot verbetering op die aarde nie? En moet ons nie verder die Ondeurgrodelike swyend aanbid nie? Om God woordloos te vereer — dit is aanneemlik, maar om God met woorde te bid, hierteen is dikwels beswaar. Swyende aanbidding, in die regte gees . . . dit kan die hoogtepunt wees in die gebedslewe van 'n Christen. 'n Hoogtepunt is egter nie die vervanging van die gebedslewe nie. Die regte handeling vloei juis uit die gebed voort. Die gebed staan die handeling net somin in die weg as wat dit deur die handeling vervang kan word. Bid en dien is vir die Christen wat in- en uitasem vir die liggaam is.⁷⁾ Die gebed gee aan die handeling besieling en die regte rigting. Vir 'n mensheid wat onder apokaliptiese gebeure 'n einde met verskrikking tegemoet gaan, kan arbeid nie 'n ommekering besorg nie. Die gebed gryp in hoëre sferes in en bring sterker kragte in beweging.

Daar moet werklik gebid word! Daar moet met woorde gebid word. Al is woorde beperkinge, tog gaan dit nie sonder woorde nie. Al is dit nie altyd LUID nie, dan moet hulle tog in die gees gevorm word. Dit moet regte woorde wees waarmee mens aan God sê wat jy te sê het. As dit nie die geval is, spoel alles weg en kom dit nie verder as 'n onbepaalde gevoel nie. Om af te gly in gevoel, is geen gebed, maar volgens LUTHER is dit selfbedrog. Dank en bid, skuld-belydenis en lofprysing en voorbede en alles wat die ware gebed nog bevat, dit moet in bepaalde woorde gedink of spreek word. So alleen is daar sprake van gebed. Die Psalmdigter het so gebid; Sy dissipels

⁷⁾ DR. P. J. ROSCAM-ABBING: *Gesprek met buitenkerkelijken*, bl. 21. 's Gravenhage, 1951.

het so gebid; Jesus van Nasaret het so gebid. En ons moet nie geesteliker en grootmoediger wees as Hy nie.

5. *Hoe moet ons bid?*

Wie tot gebed geroep word, moet ook die vraag beantwoord. Die Apostels het volgens Lukas ook gevra: „Here, leer ons bid!” (Luk. 11:1).

Onder die gemeentelede is daar ook 'n behoefte aan 'n gebedeboek. In dit alles staan die vraag: Hoe moet ons bid? Aartshertog MAXIMILIAAN, wat na Meksiko geneem was om daar doodgeskiet te word, vertel van 'n sterwende matroos wat versoek het dat iemand vir hom moes bid. Hulle kon niemand vind nie. Toe is die Hertog genader. Hy kon ook nie. Tog het hy afgegaan en uit 'n halfverslete gebedeboekie 'n paar reëls voorgelees. Daaronder het die matroos gesterf. Maximiliaan kon nooit daarvoor kom dat niemand kon bid nie. Is dit nie vandag so in die GROOT nie? Doodkranke volke verlang na mense wat bid. Maar niemand kan bid nie. Daarom moet ons iets heel eenvoudigs en prakties sê oor hoe ons dit moet doen.

Wie nie weet hoe om te bid nie, moet eers induik in die groot stroom van gebede wat sig uit die ou tye in ons dae neerstort. Hy moet vereers afsien van die eie gebed en bid soos die vaders gebid het. Dit moet ook met ons almal gebeur. Want gebede wat alleen uit die gedagtes van ons eie hart bestaan, sal aan ondervoeding te gronde gaan. Nes die liggaam voeding van buite nodig het om sig op te bou, so moet die siel uit die rykdom van die geestelike lewe wat die kerk bewaar, altyd weer iets inneem as sy nie wil verkwyn nie. Natuurlik, nie sonder maat en versigtigheid nie. Want die siel van die mens mag sig nie laat oorheers nie. Ons mag nie gebede op die lippe neem waarby ons nie innerlik waaragtig kan bly nie. Tog mag ons onself nie isoleer nie.

Na welke gebede moet ons gryp? Daar is die gebede in die Kerkboek. Dit vorm 'n onuitputlike rykdom. Maar die Psalme is die groot gebedeboek. Hulle is nog altyd skoner en grootser as alle andere gebede van ons vadere (vgl. Ps. 103). Hoe kragtig die geloofslid van LUTHER: „Ein feste Burg ist unser Gott” ookal weerklink, tog is Ps. 46 waaruit sy gebed ontstaan het, nog geweldiger. Miskien is die Psalme te kragtig vir diegene wat vir die eerste keer begin bid. Dan is ander gebede en liedere meer gepas.

Maar BID is nie LEES nie. „Lesen ist unverbindlich”. Gebed is net dit wat 'n mens as iets eie op die lippe mag neem. Daarom moet 'n mens vir jou sekere uitsoek, tot jou eie maak, uit die hoof leer, in die hart opneem.

'n Mens moet ook reëlmatig bid. Eenmaal is geenmaal. Wat reëlmatig gebeur, vind ingang in ons eksistensie en daarop kom dit neer.

Daarom is die stemming nie deurslaggewend by die gebed nie. Die stemming is GEVOLG en nie die GROND nie. LUTHER het in sy „Kleine Schrift für seinen Barbier Peter” merkwaardige dinge gesê oor die voorwendsel dat 'n mens eers in die regte stemming moet wees alvorens jy kan bid: Wie wag op die regte stemming, wys dat hy nóg God, nóg sigself, nóg die nood van die tyd ernstig neem.

Die tafelgebed is 'n belydenis. Daarom is dit moeilik. Dit moet herstel word want dit gee karakter aan die gesin. Waar dit ontbreek, is die gesin nie meer saam met die Here nie.

Vir besondere gebeurtenisse moet 'n mens ook 'n gebed gereed hê, bv. Ps. 103:1—5. Dit vat alle vreugde en dankbaarheid met sy verhewe woorde saam. Dan gaan dit tegelyk in die diepte omdat dit die vergewing van sonde insluit. In ure van nood en sorg kan ook liedere soos die van PAUL GERHARD: „Befiehl du deine Wege” gebruik word. Dis eintlik uitsprake en belydenisse. Maar wanneer die mens teen gebeurtenisse wat op hom afkom, 'n belydenis uit Godswoord rig, dan laat hy sy stem opgaan in die groot Stem van God — en dit is ook 'n gebed.

Die grootste egter, in die skat van gebede wat aan die kerk geskenk is, is die ONSE VADER. Sonder die ONSE VADER is daar geen gebed nie. 'n Mens hoef ook nie te vrees dat jy die heilgste van alle gebede onreg sal aandoen deur dit elke dag op die lippe te neem nie. Want dis aan die dissipels gegee om elke dag gebed te word. Hulle het ook die gebedsure (drie keer per dag) noukeurig waargeneem volgens Joodse gebruik en vir die gebedsure moes hulle die regte gebed gehad het. Die ONSE VADER moet nie net gebed maar ook oordink word want dit sluit 'n ganse wêreld in sig. Dis rigsnoer en maatstaf vir alles wat gebed genoem kan word in hemel en op aarde.

Met die gebed word niks anders gesê as dat ons God ernstig moet neem, aan Hom al die eer moet gee en Sy heilige wêreld as ons tuiste moet beskou. Die nood van die wêreld is so groot dat niks wat uit die mense stam, kan help nie. Ons het die Laaste Outoriteit nodig, die Hoogste Krag, die Almagtige Genade. Net God kan red. Hom moet ons ernstig neem. Hy moet as die Heilige voor ons staan. Daar moet gebed word: „Laat U Naam géheilig word.” Dit is die inhoud van die eerste drie bedes. Die mens moet sy eie nood eers vergeet in hierdie tyd, Gods wil tot sy eie maak en voor alles bid vir die Godsryk, die Godswil en die Godnaam.

Dis 'n ooreising vir die kleine mens en selfs ook vir die ryper Christen as die woord *Vader* nie aan die begin gestaan het nie. Dit is die vrymakende woord. Oor hierdie wêreld is 'n *Vader*. Of alle duiwels daar teen inskreeu, of atoombom op atoombom op die aarde neergeslinger word, **DAAR IS 'N VADER**. Dis 'n Vader wat liefhet

en na ons toe kom in Sy Seun; 'n Vader wat gebed wil word en ons gebede hoor.

6. *Bly met vertroue by die gebed.*

Ons moet met rustige vertroue by die gebed bly. Daarom sluit dit af met die AMEN. LUTHER vertaal die Amen met: „Ja, ja, es soll also geschehen”. Die Amen is nie 'n slotvignet soos drukkers dit soms onder 'n gediggie sit nie. Dit bevestig nogeens dat in kinderlike vaste vertroue tot God gebed is. Hy hoor die dank en vervul die bede. Ons weet nie hoe nie. Hy vervul dit! As storms woed, mag ons met vertroue in gebed tot God vlug. LUTHER het in Worms gebed: „Stehe mir bei, tue es, du musst es tun!” Hy vermaan andere: „Man müsse Gott zwingen, man müsse unverschönt sein in seinem Beten und sich nicht abschrecken lassen”. „Ek sal U nie laat gaan tensy dat U my seën” (Gen. 32:26). En dit was een van die grootste oomblikke in Jakob se geskiedenis. „U het tog self gesê: Ek sal sekerlik aan jou goed doen” So pleit hy verder op Gods Woord en belofte. Dis ook die hoogste eer wat ons aan God bewys as ons pleit — met vertroue pleit op Sy belofte en Woord. „Bid en vir julle sal gegee word” (Matth. 7 vs. 7).

7. *Sal dit help om te bid?*

„Catachismus oder Christliche underricht wie der in Kirchen und Schulen der Churfürstlichen Pfaltz getrieben wirdt” vra in die 116de Vraag: „Warum ist den Christen das Gebet nötig?” Hierop volg die antwoord: „Darumb dass es das fürnembste stück der danckbarkeit ist, welche Gott von vns erfodret, Vnnd das Gott seine gnade vnnd heiligen Geist allein denen wil geben, die jhn met hertzlichen seufftzen one vnderlasz darumb bitten, vnd jm dafür dancken.”⁸⁾ So is dit inderdaad.

Die toestand van die mense in die apokaliptiese tyd sal ineens verander word as die mense weer bid. Die vloek wat op die mensheid lê, sal sy krag verloor. As die leidsmanne van volkere biddende mense is, sal die wêreld daar anders uitsien. As LUTHER in die klooster sig nie in gebed deurgedring het deur sy aanvegtinge nie, sou Europa anders gewees het. Die Skrif bied 'n oorvloedige rykdom. Dink maar net aan die belangrikste daarvan: Jesus in Getsemane. As Jesus weggevlug het instede van te bid: „U wil geskied”, dan sou die ganse wêreld, die aardse sowel as die ewige, 'n ander gelaat gehad het. Gebede het in die wêreld van die volkere geskiedenis gemaak. As 'n vervalte volk 'n biddende nasie word, het 'n nuwe uur aangebreek.

⁸⁾ DR. J. N. BAKHUIZEN VAN DEN BRINK: *De Nederlandsche Belydenis Geschriften*, bl. 210.

Of die gebed iets vermag? Ja, die vurige gebed van 'n regverdige het groot krag (Jak. 5:16). Nie omdat die gebed op sigself sou werk. maar omdat Hy sy genade en Heilige Gees beloof het aan die wat Hom daarom bid (Luk. 11:9—13; Matt. 7:7). Natuurlik, God antwoord nie altyd in ons persoonlike lewe op ons gebed soos ons dit wil nie. Dink aan Paulus in 2 Kor. 12:8. Dan bly die aanvegting nie uit nie. Die merkwaardige is egter dat die gebed miskien tydelik maar nooit heeltemal daardeur afbreek nie. Die opstand teen God gaan soos by Job verby. En dit het 'n diepe grond. Die Christen wat werklik bid, is in die mag van die lewende Christus. Hy laat so een nie los nie. („Niemand sal hulle uit My hand ruk nie” Joh. 10:28). As die Christen dan nie meer instaat is om te bid nie, tree die Gees van die lewende Christus self in en bid vir hom soos Paulus dit in Rom. 8:26 uitdruk: „Maar die Gees self tree vir ons in met onuitspreklike sugtinge”. Hy bid verder as ons nie weet hoe ons moet bid nie. En eindelik kom die gebed dan ook by ons terug. En met die gebed kom die geloof ook weer. En soos Paulus in die genoemde Skrifgedeelte, begryp ons dan die ou waarheid nl.: As dit nie kom soos ons gebid het nie, gebeur daar altyd iets beters.

Nou moet ons die dinge wat sover gesê is, nie so verstaan dat gebede middele tot een of ander doeleinde is nie. Gebed is die roep van die menslike hart na Bo, na God. Dit is nie ons opvatting dat terwyl die Volkerebond misluk het, en die sosiale en ekonomiese beplanning onmagtig geblyk het, ons met gebede moet probeer om die verskrikking van die toekoms te vermy nie. Nee, so bedoel ons dit nie. Ons bedoeling is: Ons mag dit nie so laat dat die mense hulle al dieper verstrik in die vloek wat oor elke lewe lê wat sig van God losmaak nie. Ons verlang na redding uit die vloek en wil ook andere daartoe help.

Wat van die mense sal word as hul weer bid, laat ons aan God oor. Ons glo egter dat mense wat bid, van baie gespaar sal bly wat tog gaan kom oor mense wat nie bid nie. En verder is ons van gedagte dat mense wat bid ook deur apokaliptiese tye getroos en geseënd sal gaan. So is dit bedoel.

Uit perspektiewe wat nie verder reik as die kragte van die aardse wêreld nie, moet die kerk die mense in die Naam van Christus roep tot die groot wye werklikheid van God. Ons moet aan hulle sê — nie in poëtiese oordrywing maar in nugtere erns — dat in hierdie groot Werklikheid van God die aandgebed van 'n kindjie meer kan beteken as 'n veldslag van groot nasies. Ja, van 'n biddende gemeente sal meer krag uitgaan, as van die beraad van magtige staatsmanne. Immers, die keerpunt in die mensheid se geskiedenis het nie gelê in die een-of-ander politieke gebeurtenis of die uitvinding van die stoommasjiene, of die

ontdekking van die atoomenergie nie, maar by die gebed van Jesus in Getsemane.

Daarom: „*Ihr Menschen einer apokalyptischen Zeit: Betet, betet, betet!*”

L. M. LE ROUX.

LITTERATUUR-LYS:

1. DR. J. N. BAKHUIZEN VAN DEN BRINK, *De Nederlandsche Belydenis Geschriften*. Amsterdam, 1940.
2. DR. W. J. KOOIMAN: *Maarten Luther, doctor der Heilige Schrift, Reformator der Kerk*. Amsterdam, 1948.
3. DR. OTTO DIBELIUS: *Ruf Zum Gebet*. Neu herausgegeben. Hamburg, 1953.
4. DR. P. J. ROSCAM-ABBING: *Gesprek met buitenkerkelijken*. 'sGravenhage, 1951.
5. DR. EMIL BRUNNER: *De boodschap van Christus aan de na-oorlogse jeugd*. Amsterdam.
6. DR. A. J. RASKER: *Gezondheid, Gebed, Geneezing*. Nykerk.
7. EMIL BRUNNER: *Ons Geloof*.
8. WALTER LUTHI en EDUARD THURNEYSSEN: *Du sollst Mich preisen*. Basel.
9. D. EBERHARD NESTLE (Novis curis elaboravit), D. ERWIN NESTLE: *Editio Vicesima Prima, Novum Testamentum Graece*. Stuttgart, 1952.

DIE HUIDIGE STAND VAN DIE ONDERSOEK TEN OPSIGTE VAN DIE EVANGELIUM VERITATIS.

DIE VONDS.

Die afgelope vyf-tal jare was vir die ontwikkeling van die Bybelwetenskap en die ondersoek van die vroegste geskiedenis van die Christelike Kerk van buitengewone belang. Teenoor vroeëre ontdekkinge van afsonderlike manuskripte en boeke, in kloosterbiblioteke en privaat versameling, val dié sedert 1946 op deur die feit dat hele antieke biblioteke in mindere of meerdere behoue staat, na 2000 jare aan die lig kom. Vroeëre ontdekkinge het, relatief gesproke, nie juis iets totaal nuuts gebaar nie. Hoe belangrik byvoorbeeld ookal die ontdekkinge van die Codex Sinaiticus en die Codex Vaticanus was, en onlangs nog die Chester Beatty Papyri, dit het per slot nie meer gelewer nie as 'n helderder, bevredigender beligting van materiaal waaroor ons reeds beskik het.